

KINDERKERK LES: Funles – Reg vir skool

Doel van les:

- Ons hou vandag 'n funles met die tema: Reg vir skool.

Speletjie 1: Musical handshake: Die kinders stap in die vertrek rond en skud hande met ander kinders terwyl daar musiek gespeel word. Sodra die musiek stop, lees jy 'n vragie en hulle moet die antwoord gee aan die maatjie met wie hulle hande geskud het toe die musiek gestop het.

Vragies:

- Deel met mekaar wat jou gunsteling kos is om te eet;
- Wat was die lekkerste ding wat jy die vakansie gedoen het;
- Was die eerste week terug by die skool vir jou lekker?

Speletjie 2: Rugsak aflos: Deel groepe op in twee gelyke spanne en laat hulle in twee rye staan. Gee vir elke span 'n rugsak wat jy gepak het met boeke. Aan die oorkant van die rye sit jy 'dress up' klere soos bv. hoede, serpe en brille. Die eerste kind in die ry sit die rugsak op die rug, hardloop na die 'dress up' klere, trek een item aan en hardloop terug na die groep. Die volgende kind in die groep sit die rugsak op en hardloop na die 'dress up' klere en trek 'n item aan. Die speletjie gaan aan todat almal 'n beurt gehad het.

Vra: Vertel my bietjie hoe lyk julle tasse vir skool? Wie se sak is pienk? Wie het 'n blou tas? Is julle tasse swaar? Wat is daarin?

Wiskundeboeke en leesboeke is baie belangrik, maar onthou die belangrikste boek wat ons moet gebruik is ons Bybels.

Speletjie 3: Model: Ek het nog nie mooi gekyk hoe julle lyk met die items wat elkeen aangetrek het nie. Gee my gou julle mooiste glimlag en model bietjie daar waar julle staan.

Ek is seker julle lyk net so spoggerig in julle skoolklere. Onthou dis belangrik om jou skoolklere mooi op te pas. Maak seker jou baadjie is in jou sak, anders gaan mamma en pappa baie kwaad vir jou wees. Maar weet julle ons moet nie net netjies lyk van buite nie, maar binne in ons hartjies moet ons ook sorg dat ons mooi is. Onthou om elke dag die Heilige Gees te vra om jou te help om jou hartjie mooi te hou.

Speletjie 4: Inkleur: Gee vir elke kind 'n inkleurblaai met vriende op en gems. Maak seker dat hulle weet Vriende staan daarop. Laat hulle die letters inkleur.

Sê: Almal wil vriende hê. Vertel gou vir julle leier wie julle vriende is. Dis lekker om 'n maatjie te hê. Daar is net een ding wat ons moet onthou – ons moet ons vriende mooi kies. Vryf gou met julle vingers oor julle inkleurwerk. Hoe lyk julle vingers nou? Net soos daardie kleure op die blaaietjie afgeveef het op julle vingers, vryf vriende af op ons. Dit beteken dat vriende wat die regte dinge doen ons sal help om ook die regte dinge te doen, maar as jy 'n vriend kies wat wil baklei en vloek en jok, jy ook miskien naderhand sal wil vloek of jok. So dink mooi oor wie jy kies as jou vriend.

Speletjie 5: Gee die kosblik aan: Gee vir elke groep 'n kosblik met genoeg lekkertjies in vir elke kind in die groep. Speel musiek en die kinders moet die kosblik vir mekaar aangee in die sirkel. Sodra die musiek stop moet die kind wat die kosblik het dit oopmaak, 'n lekkertjie vir hom/haar vat, en is dan uit. Die speletjie hou so aan tot daar 'n wenner is.

Vra: Wat is gewoonlik in ons kosblikke? Ons broodjies, jogurt, kasië ens. vir pouse. Vanaand het ons nou 'n lekkertjie gehad, maar ek hoop julle het gesonder kos in julle kosblikke vir skool soos bv. 'n piesang of appel. Onthou julle nog die vrugte van die Gees wat die Bybel sê ons moet dra? Wie kan van hulle opnoem? Liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, selfbeheersing, goedhartigheid, nederigheid, getrouheid en selfbeheersing.

Speletjie 6: Rivierbank: Kinders staan in 'n ry. Die een kant van die vertrek noem jy rivierkant, en die teenoorgestelde kant is bank en middel is rivierbank. Kinders begin in die middel. Jy roep nou uit rivier, bank of rivierbank. Kinders spring na die kant toe wat jy uitroep. Wanneer jy rivierbank uitroep, moet hulle met een voet in rivierkant en een voet in bank kant staan. Probeer die kante vinnig uitroep om die kinders uit te vang. Elke nou en dan sê jy dat jy die kinders wat uit is se fout uitvee, en dat hulle weer kan deelneem aan die speletjie. Speel 'n klompie rondtes totdat die kinders verveeld raak.

Vra: Wie kan my vertel wat jy gebruik om 'n foutjie wat jy met jou potlood gemaak het uit te vee? 'n Uitveër natuurlik! Onthou dat ons almal sonde doen wat God ongelukkig maak, maar ons kan altyd vir Hom gaan jammer sê en weet dat Hy ons sondes vergewe. Ons moet natuurlik die jammer bedoel en hard probeer om dit nie weer te doen nie.

Speletjie 7: Simon Says : Speel Simon Says met kinders met skool tema.

Lys van Simon Says opdragte:

- **Maak asof jy perd ry;**
- **Doen die snaakste dans wat jy kan aan dink;**
- **Maak asof jy 'n koei melk;**
- **Maak asof jy baie sterk is en 'n kar optel;**
- **Maak 'n deur oop;**
- **Kielie jou voet;**
- **Lê op jou rug en maak asof jy fiets trap;**
- **Staan op;**
- **Huil soos 'n baba;**

Sê: Die geheim van die speletjie is dat mens baie mooi moet luister. Vir wie moet julle luister by die skool? Net soos julle moet luister julle juffrou of meneer, is daar nog iemand na wie ons moet luister. Die meeste van almal. Wie is dit? Ons moet luister na God. Ons moet doen wat Hy van ons vra. Waar kan ons uitvind wat God wil hê ons moet doen? In die Bybel, kerk, jeug. Hierdie jaar gaan ons sommer lekker leer van God. Ek kan sommer sien julle is reg vir skool en reg vir jeug.

Sluit af met gebed in groepe.

